**27 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 20**
**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 20:24**

## Die Here uniek aanbid (1)

Die Here is onvergelykbaar en onafbeeldbaar – lees sy eerste en tweede gebod in Eksodus 20:3-5a. Hy is onvergelykbaar – watter ander god het ooit uit die hemel met sy volk kom praat (vs. 22)? Hy is onafbeeldbaar – Hy is nie te fabriseer uit goud en silwer soos die heidense gode nie (vs. 23). Sy Ou-Testamentiese volk is op pad na hul beloofde land. Daar sal hulle met die Kanaänitiese afgode te doen kry: Baäl, die manlike, en Astarte, die vroulike, afgod van vrugbaarheid, vir wie klipaltare gebou is waarop allerlei onsedelike afbeeldings uitgekap was. Daarteenoor wil Jahweh (die Here) *op 'n unieke manier aanbid* word: sý altare moet van grond of onbewerkte klip en sonder trappies gebou word – sodat daar nie afbeeldings van Hom daarop uitgekap kan word en geen sweempie onsedelikheid voorkom nie.

Ons God wil sy Naam laat aanroep op plekke wat Hy uitkies. Sy Naam is sy magtige dade in sy verlossingsgeskiedenis met sy mense (vs. 24-26; ook Deut. 12).

Vir sy Nuwe-Testamentiese volk – vir jou en my – het Hy self sy eie altaar opgerig: die kruis van sy eniggebore Seun. Dit is dié plek wat Hy uitgekies het om sy verbluffende liefde vir ons te betoon. Dáár kom Hy na ons toe en seën ons (vgl. Eks. 20:24). Die offer wat ons aan Hom moet bring, is onsself (Romeine 12:1): "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

*Sing: Skrifberyming 3-2:1- 6* *Ds Johan Botha (Laeveld)*